**DIE EIKE KAFEE**
(Eienaar: van der Wes.)

STUDENTE:
Kom na die Eike vir vars vrugte, sjokolade en tabak.
Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

# DIE MATIE

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.
Alles teen die billikste terme.
Onthou—
Net langs Suikerbossie.

DEEL I, No. 8. VRYDAG, 19 SEPT. 1941. PRYS 1d.

## A.N.S.-Tak Onsydig in Huidige Stryd.

### *Leierskapbeginsel Verwerp*

Die plaaslike A.N.S.-tak het op 'n ledevergadering, verlede Dinsdagaand, besluit om hom op die huidige tydstip nie uit te spreek ten opsigte van die stryd tussen die O.B. en H.N.P. nie.

Hierdie besluit het voortgevloei uit 'n voorstel wat die plaaslike bestuur gemaak het ,met die oog op die Hoofbestuursvergadering wat vandag in Kaapstad plaasvind.

'n Voorstel van die bestuur, nl. dat die Hoofbestuur vervoel word om die plaaslike tak toe te laat om sy bestuur volgens die ou beginsels te kies, is na 'n lewendige bespreking aangeneem.

Op 'n vraag van mnr. Pansegrouw het die voors. verduidelik dat die beleid van „Die Matie" i.v.m. die huidige stryd, as gevolg van die besluit van die vergadering, nog die van volkome afsydigheid sal wees.

### ONTHOU:

Boeresport-oefening vanmiddag 4 uur op Coetzenburg. G'n inskrywingsfooie vanmiddag al, dog as u solank wil inskrywe vir 3 Okt; dan kan u dit doen op die veld n.m. Kom sommer met jou span en al, of met jou teenstander. Uitdagings sal ook 'n beurt kry.

## NOGEENS DIE „JUNIOR"

### *Verklaring van Redaksie*

Die Redaksie van die „Junior" wil hiermee sy innige en diepgevoelde spyt betuig oor die nadelige uitwerking van hul pornografiese blad op die Konserwatisme, Kalvinisme en ander uiters belangrike „ismes" van hierdie fatsoenlike kultuursentrum van ons volk. Dat die blad by die meeste studente byval gevind het, besef hul is van minder belang; na type oorweging betreur hul dit selfs. Die ware groot geeste onder die studentegemeenskap wat hul berispe het voorwaar volkome gelyk: ons het voorwaar gesondig. Mag die trane van berou die misdaad van die verlede uitwis.

# INWYDING VAN NUWE C.S.V.-HOOFGEBOU.

## *Verrigtings begin Vanaand.*

Vanaand in die nuwe C.S.V.-Hoofgebou vind daar 'n geselligheid plaas gereël deur die Klubbestuur, en terselfdertyd is daar in die C.S.V.-saal 'n rolprent vertoning deur R.A.R.O. en die Klubbestuur gesamentlik gereël. Hiermee neem dan die verrigtings i.v.m. die inwyding van die nuwe Hoofgebou 'n aanvang.

Saterdagoggend om 10.30 vind daar 'n kermis plaas in die C.S.V.-saal waar goedere van allerlei soort verkoop sal word.

Die vernaamste verrigting is egter dié van Saterdagmiddag om 2.30, wanneer die amptelike inwyding van die gebou sal plaasvind, terwyl 'n uitstekende Musiekkonsert vir Saterdagaand in die vooruitsig gestel word.

Sondag se program sal bestaan uit byeenkomste as volg: 9.30 v.m., biduur; 3 n.m. konferensie; 8.15 n.m., toewydingsbyeenkoms.

Almal word baie hartlik uitgenooi na al die verrigtings.

### R.A.R.O. Vertoning Vanaand

As kind van ons ruime verlede, vrye hoogland en ewige berge, sal ons waardeer of leer waardeer wat ons eie is. Dit sal vir ons tienmaal meer werd wees om iets uit eie bodem te sien as iets kunstiger saamgeflans uit die buiteland. 'n Enkele kameelboom, mooi afgeneem, sal al die woude van Amerika in die skadu stel, omdat die kameelboom ons eie is. Leer ken en bemin jou eie. Sal R.A.R.O. u help met sy vertonings?



Prop. F. J. Liebenberg, Alg. Sek. C.S.V.

R.A.R.O. sal u vanaand ons blou lug laat klief op 'n sweefvlug vanaf 'n heuwel digby die Eikestad, dit sal die Kaapse Skiereiland aan u voete lê; sal u neem na die plek waar die voëls huis-toe kom, by 'n ware voëlparadys in Natal; sal die blom-liefhebbers deur 'n kleurryke wildeblommetuin neem. U sal die valle sien in kleur — nie dié wat deur Trichardt 20 jaar voor Livingstone ontdek is nie, maar Aughrabies! Daarna sal die veldkind kos vir sy



Ds. A. F. Louw, Voors. Boukommissie.

siel kry in 'n nuwe soort verskeidenheidsfilm in veertig verskillende reekse tonele en rolprentstudie wat 'n bonte skou gee van die prag en belangwekkendheid van ons land. Miskien is daar vir u 'n bekende plekkie verfilm. Ons sal ook in eerbied ons hoofde buig by die teraardebestelling van dr. Kestell. U sal voel asof u self daar was.

Ons eie, ja selfs deur ons eie Afrikaanse amateurs afgeneem, deur Afrikaanse amateurs vertoon. Op hierdie eerste prente kan natuurlik nog baie verbeter word. Met die tyd bereik R.A.R.O. meer vaardigheid, dus sal hul beter prente aanbied.

Het u al bespreek vir vanaand?

## Jericho se Mure Val.

### Kweekskool Wyk voor Juniors (?)

Op Juniordag is ten minste in een opsig geskiedenis gemaak, nl. deurdat die totnogtoe onwrikbare Kweekskool tot sy knieë gebring is wat die ontbinding van klasse betref.

Presies om 9.11 v.m. het 'n twaalftal swaar-vermomde Juniors(?) die gewyde gronde binnegetree met die sing van 'n aan-Caruso-onbekende verwerking van „Santa Lucia":

„Hier is die Juniors weer, want dis
mos lekker weer,
En ons gee nog 'n keer vakansie aan
die hand.
Laat alle boeke tuis, laat sorge
agterbly,
Vive 'la Juniordag *(bis)*".

[Dank aan dr. Con.]

Eerste aan die beurt was prof. Keet se klas. 'n Indrukwekkende „Proklamatie ende Decreet" (met kombuis-Nederlands en agterplaas-Latyn as voertaal) is voorgelees, een van die skone geslag het 'n wilgerkrans om die professor se nek gegooi, twee ander het hom aan weerskante ingehak, en met stralende gesigte het hulle Exegese — of wat ook al — agter die rug gelaat en die sonskyn tegemoet gegaan.

Dieselfde prosedure het by prof. Gerdener 'n ietwat ander reaksie uitgelok. Na verneem word, het hy die eerste tone van bogenoemde lied verklaar: „Die vyand is binne ons gronde"; by die trapsbestyging: „Die vyand is binne ons mure"; en uiteindelik, nadat daar van dameswee tevergeefs getrag is om die professorale arm in te hak: „Ek kapituleer!"

Geen wonder die grote val: die klimaks in die Proklamasie was oorweldigend: Nadat breedsprakig gewag gemaak is van die verwagte verskyning van die Lentekoningin in ons Eikestad, en 'n versoek gerig is om die „ornatissimos juvenes" toe te laat „alle roosteren, kollèges ende Curatoria niettegenstaande," om Haar Majesteit te gaan verwelkom, eindig die geskiedkundige dokument:

„Vivat Academia, vivant Professores, vivant membre quaelibet, semper sint in flore — hetwelk overgeset zijnde: Kom ons loop, boys!"

**Suikerbossie Melksalon.**

HOOFKWARTIER van GESONDHEID

Ligte Etes, Melkdranke (warm en koud), Koffie, Tee en Lekkers.

Onder persoonlike toesig van

OOM HUGO.

**Gebroeders De Wet**
(EIENS.) BPK.
ALGEMENE HANDELAARS, SPORT-UITRUSTERS EN PRAKTIESE SNYERS

Offisiële agente vir al die Universiteits Kleure.
Huidige Studente wapens 7/6.
Oudstudente Wapens .. 10/6.
Kleurbaadjies gemaak na maat £4 kontant.

*Bestel dadelik, voorrade word min.*

**Gebrs. De Wet (Eiens.) Bpk.**
h/v. Kerk- en Birdstraat.
STELLENBOSCH.
Posbus 21. Foon 20.

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.

Maak gebruik van Ons Vlugge Fotografiese Posdiens.

—

**Joerning en Seun**
(Eiens.) Bpk.,
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**MATIES!**

Hier is nuus — U EIE UNIVERSITEIT SE WAPEN is nou verkrygbaar soos goedgekeur deur die Senaat van die Universiteit en word aangebied deur

**Stabilis Agentskappe en Beleggings-Maatskappy**
Groote Kerkgebou 314,
Bus 1527, KAAPSTAD.

Teen die volgende pryse
£1-5-0 aan huidige studente.
£1-10-0 aan oudstudente en docente.

6/- per wapen word afgestaan vir die voorgestelde ingenieursfakulteit.

Plaasbestellings by
Dick Terblanche, p/a. mev. Woodbourne, Joubertstraat, Stellenbosch.

# VAN ZYL

Posbus 233. Foon 791.

DIE SPORT HUIS

van die

PAARL.

*Raadpleeg ons vir*

MANSKLERE

asook

Enige soort Sport-benodighede wat die seun of man nodig het.

*DEUR DIENS GROEI ONS!*

# DAMES

Wat ons nie het nie, kry ons.

Wat ons nie kan kry nie, maak ons.

*PROBEER*

# TANT MITA

se

# MODE WINKEL

## VAN DER STEL FIETSWERKE

*Eienaar: Paul Ackermann,*

Wens hiermee die Stellenboschse publiek in kennis te stel dat hy weer besig is in die ou winkel in Andringastraat, en weer sy volle aandag aan u fietsreparasies en benodighede kan gee.

*Hou Koers Reguit na—*

## PERLS APTEEK

CUTHBERTGEBOU,

Pleinstraat,

STELLENBOSCH.

Vir al u Medisyne,

Toilet en Fotografiese benodighede.

# PLAZA

Foon 0013.

Donderdag, Vrydag, Saterdag, 25, 26, 27 September.

Middagvertoning Saterdag, om 3 uur n.m.

*Robert Taylor*

In 'n Spannende Dramatiese Verhaal van die Verenigde State se Lugbase.

„FLIGHT COMMAND"



## DIE MATIE.

DEEL 1. 19 SEPT. 1941. No. 8.


## WAARHEEN A.N.S.?

Met reg kan die A.N.S. vandag weer daarop aanspraak maak dat hy die beweging is wat die denkende deel van die reggesinde Afrikaanse jeug verteenwoordig. In die afgelope jare het hy van hierdie feit bewys gelewer deur altyd op die regte oomblik sy stem klaar en duidelik te laat hoor in volksvraagstukke wat hy steeds met die idealisme maar ook met die durf van die jeug probeer aanpak het. En wat Stellenbosch betref, kan daar ook in hierdie kritieke tyd van die A.N.S. verwag word dat hy deur sy plaaslike tak, as die kern wat gedurig hier die leiding geneem het as Stellenbosch sy stem moes laat hoor, nie sal skroom om namens ons studerende jeug leiding te gee terwyl twis en tweedrag besig is om die Afrikanerdom opnuut uitmekaar te skeur nie.

En dit is juis hier waar daar aan die A.N.S. nogmaals 'n gulde geleentheid gebied word, nie slegs om op politieke gebied leiding te neem nie, maar veral om ten enemale te bewys wat die gees is waarin ons as studerende jeug in die toekoms volksvraagstukke wil en gaan benader. In 'n politieke lewe wat in meer as een opsig verpes is deur die gebreke wat 'n ingevoerde stelsel deur lange jare meegebring het, staan die A.N.S. vandag voor 'n baie spesifieke vraag: Gaan hy as studentebeweging help om in Suid-Afrika se politieke lewe 'n nuwe gees van vertroue en idealisme tot stand te bring, waarin daar vir al die kleinlike twis van die huidige stryd geen plek meer sal wees nie?

Met hierdie vraag voor oë moet die A.N.S. veral ten opsigte van die huidige krisis in ons volkslewe weer sy koers duidelik stel. Ons glo werklik ook, met die oog op die gees en rigting wat in die jongste tyd geblyk het uit die strewe van die A.N.S., dat daar vir hom net een weg oop sal wees.

Kenmerkend van die A.N.S. se optrede was nog altyd dat hy, terwyl hy in elke opsig aan verskillende Afrikanerorganisasies sy steun verleen het, in sy verdere optrede onafhanklik en selfstandig die standpunt van die *jeug* gestel het. So het hy ook verlede jaar met heelwat durf 'n Vryheidsmanifes uitgevaardig waarin hy in breë trekke 'n toekomsordening vir ons staat geskilder het. Dit was baanbrekerswerk — die eerste op-skrif-gestelde nuwe orde vir Suid-Afrika.

Met hierdie daad het die A.N.S. sekere gedagtes gekristaliseer wat die kern vorm van die Afrikaner se strewe na 'n Christelik-nasionale Republiek. Maar hy het dit gedoen onafhanklik van enige pilitieke organisasie, en hom voorgeneem om daardie beleid uit te werk en te propageer as die selfstandige bydrae van die studerende jeug tot ons politieke stryd. Hierdie taak is op die jongste Kongres weer gestel toe die A.N.S. opnuut besluit het om die beleid van „positiewe nasionalisme op Chr.-Nasionale grondslag" uit te leef en te propageer, terwyl hy sy volmondige steun toesê aan die Afrikanereenheidsbeweging.

Dit was veral met hierdie optrede dat die A.N.S. 'n baie positiewe rigting ingeslaan het. Om aan hierdie rigting getrou te bly en die gees van die jongste twee kongresse uit te leef ,is die eerste plig van elke A.N.S.-lid ook in die huidige krisis. Daarom is ons daar oortuig van dat die Bond hom minder gaan bemoei met die in baie opsigte uiters kleinlike stryd wat ons politieke lewe vertroebel en die volk wil skeur; dat hy dit nie as sy eerste taak gaan beskou om eenvoudig maar kant te kies vir een van die seksies nie, maar liewer deur self voortdurend meer positief op te tree en sy eie rigting duidelik aan te toon, ook sy verhouding tot ander politieke en volksorganisasies vanself sal vind.

Ons vertrou dat dit in hierdie gees was dat die plaaslike A.N.S.-tak Dinsdag geweier het om kant te kies in die geskil tussen die H.N.P. en die O.B. Hoe beskeie ookal sy bydrae, wag daar bepaald vir die A.N.S. 'n groter taak as om in hierdie onsekere toestande en te midde van soveel onduidelikheid by te dra tot die skeuring van die Afrikanerdom, terwyl hy oor die oortuiging van 'n eie strewe en rigting beskik.

Dit is juis in hierdie toestande dat die beskeie bydrae van 'n studentebeweging wat soos die A.N.S. oor moed en jeugdige idealisme beskik, tog besondere waarde kan hê. Getrou aan sy tradisie en onder die besieling wat uitgaan van 'n Ere-President wat self nog die idealisme van die jeug deel, sal die A.N.S. ook in hierdie vraagstuk die gees uitlewe wat hy in 'n nuwe bedeling in Suid-Afrika graag wil sien.

## Tobie neem Afskeid

Reeds enkele weke gelede het mnr. Tobie Louw aan die A.N.S.-bestuur bekendgemaak dat hy weens drukke akademiese werk nie veel langer op die Bestuur en op die Redaksie van „Die Matie" sou kon dien nie. Met die oog op die naderende eksamens moes Tobie hom tot ons spyt hierdie week onttrek aan gereëlde medewerking en sy bedanking as lid van die Redaksie inhandig. Dit is vir die Redaksie nie maklik om van Tobie afskeid te neem nie. In 'n kring wat vanaf die begin hartelik saamgewerk het, was hy steeds een van die betroubaarste, wakkerste en bekwaamste lede, en sy bedanking is dan ook vir *Die Matie* 'n baie groot verlies. Maar dit is vir ons veral om dié rede 'n verlies dat Tobie een van die twee of drie baanbrekers was wat ten spyte van baie moeilikhede daarin geslaag het om aan ons studente-unie sy eie koerant te gee.

Vir alles wat jy gedoen het, Tobie, bedank ons jou baie hartelik; en vir die toekoms wens ons jou alle sukses toe.

# Korrespondensie.

## Gedrag van Studente

Geagte Redakteur,

Hiermee wil ek graag 'n paar feite onder die aandag bring van eerstejaar B.Ed. Ph. en B.Ss. studente, en 'n beroep doen vir verbetering van omstandighede.

'n Tydjie gelede was dit nodig gewees vir 'n lektor om sy Chemie-klas te verlaat deurdat 'n student, wat nie anders as 'n papbroek bestempel kan word, steuringe veroorsaak het en toe geweier het om na vore te kom op aanvraag van die dosent.

In 'n Soölogiese-klas was dit nodig gewees vir 'n lektor om 'n hele klas daarvan te beskuldig dat hulle nie die gees openbaar wat daar behoort te wees tussen studente en lektor nie. Die rede was dat twee studente nie die manlikheid en selfrespek gehad het om, nadat hulle steuringe veroorsaak het, te gaan rapporteer op versoek van die lektor nie.

Ek is seker dat geen lektor 'n pittige aanmerking van 'n student sal afkeur nie, soos alreeds bewys is. Maar ons moet erken dat die kommentare en aanmerkings waarmee sekere studente in die laaste tyd voor die dag kom, verregaande is en die lektore baie steur in hulle lesings en ook die studente wat hulle werk ernstig opneem.

Laat ons daardie gees van moeilikheid ondersoek en onsmaaklike aanmerkings help uitroei. Laat ons die regte gees aan die dag lê, sodat dit vir beide lektor en student 'n plesier sal wees om die klas by te woon.

Dankie vir opname,

J. C. de Wet Steyn.

Stellenbosch,

## Die „Junior"

Die Redakteur,

*Die Matie.*

Waarde Heer,

Ek wil graag 'n poging aanwend om olie op vertroebelde waters te gooi.

Elkeen wat vanjaar se uitgawe van „Die Junior" gelees het, kon wel verwag dat alle lesers nie met die inhoud daarvan in die geheel genoeë sou neem nie. Daarom stem ek saam met prof. Wilcocks se uitspraak ten effekte dat dit jammer is dat daar nie meer sensorskap toegepas is nie. Waar die blad egter verskyn het soos dit is, pas dit ons nie om die saak oppervlakkig te beskou soos sommige van die beoordelaars in u blad nie. En dit staan tenminste soos 'n paal bo water dat die gewraakte afwykinge van gevestigde Stellenboschse norme, alhoewel m.i. nie so ernstig as wat voorgegee word nie, ewewel kan spruit uit diepgevoelde reaksie teen sekere ongunstige verskynsels op Stellenbosch as dan wel uit blote „gebrek aan oordeel en diskriminasievermoë." En 'n sodanige reaksie, komende van die jonger en mees lewenskragtige deel van die studente-gemeenskap, sal waarskynlik skaars gestuit word deur onsimpatieke, beledigende en neerhalende vaderlike vermanings.

Die hele kwessie is waarskynlik een van onverdraagsaamheid. Maar as die Juniors se houding enigsins onverdraagsaamheid openbaar het, dan het sommige uitgawe van die uitlatings in u vorige uitgawe daardie onverdraagsaamheid

(Vervolg in kolom 3)

(Vervolg van kolom 4)

saamheid allesins ge-ewenaar. En dat dit in sommige gevalle kom van verantwoordelike persone in die studente-unie is jammer. Terme soos die „welvoeglikheidspeil" van die studente is relatiewe begrippe en mens wonder of mnr. Möller verwys na die bestaande toestand of na die gewensde toestand, want daar bestaan 'n verskil. In ieder geval help dit nie om neigings wat daar wel deeglik bestaan voortdurend te onderdruk nie, maar skyn dit soms raadsaam te wees om mense te dwing tot skynheiligheid deur hul 'n „pose" van preutsheid op te lê nie. Dit is miskien reeds skynheiligheid en onverdraagsaamheid wat die Juniors genoop het tot die gewraakte reaksie.

En dit dan ook in hierdie verband wat ek één fout te vind het met die andersins nugtere beoordeling van die Redakteur van „Die Stellenboschse Student," en dit wel t.o.v. sy interpretasie van die gesindheid van sommige stukke in die blad as synde „aanvalle op bepaalde sake wat vir sommige persone heilig is." So 'n gesindheid sou kwalik verskoonbaar wees. Aanvalle op „godsdiens e.a. dergelike sake" moet egter nie gesoek word in 'n satiriese stuk wat dit m.i. eerder het teen verskynsels soos die skynheiligheid van sekere persone, in hierdie geval, reg of verkeerd, die tokkelokke. Is die gronde vir die houding van die Juniors nie dalk dieperliggend as blote nonchalance nie, meneer die Redakteur? Is dit nie dalk reaksie teen die onverdraagsaamheid en dogmatisme van die gesatiriseerde persone nie? Ek meen eerlik dat die gewraakte houding met bewuste en gepoogde halfwas-intellektualisme werklik weinig te make het.

Baie dankie vir opname,

Die uwe,

N. J. de W. Pansegrouw.

## Uit die Vryheidsmanifes van die A.N.S.

6. Ons uitgangspunt is dat Suid-Afrika ons enigste vaderland is, en ons beskou diegene wat hierdie standpunt nie huldig nie as vreemdelinge in hierdie land. By die bepaling van status binne die Staat, onderskei ons tussen burgers, onderdane en besoekers.


# Rook Springbok Sigarette.

## Onder Onsies.

Vrydagaand het Cecilia Wessels, die bekende Afrikaanse dramatiese sopraan, 'n uiters geslaagde uitvoering in die plaaslike stadsaal gehou. Mej. Dodo de Beer, die ballet-danseres, het saam opgetree. Hierdie kunstenaars het egter nie die leë saal verdien nie.

* * *

Die berig is ontvang dat mej. Marina Roos, tans van die redaksie van „Die Transvaler," haar verloof het.

* * *

Op die mondigswordingpartytjie te Suikerbossie van mej. Marie Smit van Huis-de-Villiers verlede week, het mnr. Reid, burgemeester van Swellendam, die heildronk ingestel in die teenwoordigheid van mnr. en mev. Smit en talle vriende soos mejj. Le Kant, Wessels en mnre. B. Lombaard en B. Leuvenink.

* * *

Die S.V.R. was Saterdagaand voltallig by 'n besonder aangename dinee wat op „Gleneagles" gehou is. Later in die aand kon 'n kworum nie gekry word nie.

* * *

Dieselfde aand het die P.S.O.-dans in die stadsaal plaasgevind. Ook hier is mnr. Eddie Botha opgemerk. mej. Marie Loenig het haar hande volgehad.

* * *

Stellenbosch het een van sy populêrste pianiste verloor deur die vertrek van mej. Alta Ortlepp na Johannesburg, alwaar sy 'n onderwysbetrekking gaan beklee.

* * *

Nog twee Maties het 'n onderskeiding te beurt geval nl. mejj. Marie Stegman en M. de Bruyn albei van Rozenhof, wat die enigste persone was om op die onlangs-gehoue Kaapse Kunswedstryd 'n silwer en brons medalje onderskeidelik, te verwerf.

* * *

Woensdag het Dr. Gawie Cillie, Snr., hoof van die Fakulteit van opvoedkunde, die voorreg gehad om sy geboortedag te herdenk en met sy studente te vier — veral agter die klavier.

* * *

Verlede week en Saterdag is daar weereens 'n sang- en orreluitvoering gehou in die Nuwe Kerk. Verskeie kore het deelgeneem aan die geslaagde program, o.a. die Universiteitskoor. Gedurende die loop van die dag is die Kerkbasaar gehou.

* * *

Uit baie betroubare bron word meegedeel dat daar op die oomblik 23¾ kyse bestaan in Monica. Is dit driekwart of drie kwarte.

* * *

Mej. Marié Wium van Sonop het Saterdag etlike van haar vriende onthaal ten tyde van haar mondigwordings-viering. Onthou sal word dat mej. Wium met die plaaslike kunswedstryd vroeër in die jaar, besonder suksesvol was deur 100% te behaal vir 'n tekening.

* * *

Verlede week is 'n besonder interessante uitstalling van Skilder- en ander kunswerke van mev. van Schalkwyk van Graaff-Reinet, in die Carnegiesaal geopen.

* * *

Mnr. Ernst van Heerden het nog meer sukses behaal op die Kaaplandse Kunswedstryd toe 'n gedig van hom met 'n prys bekroon is.

* * *

Ook twee oud-Maties, mej. E. Bremer (Bep) en mnr. Dirk Ehlers het pryse verower vir 'n radiodrama en 'n kortverhaal onderskeidelik.

* * *

'n Welbekende Huis-ten-Boscher, mej. Marsch Schoeman, het ook in die afgelope week haar mondigwording gevier.

* * *

Die Jan Pierewieters tree vanaand weer in Kaapstad op, op die Pryswenners-konsert van die Kaapse Eisteddfod.

## Die W.P.-Toer.

### Stellenbosch se Aandeel

Hierdie artikel het na verskeie wedervarings en teleurstellings tog eindelik ter perse gegaan. Verskoon ons dus asseblief as dit bietjie na mosterd na die maal klink.

Stellenbosch het vyf van die sewentien spelers wat die W.P.-toerspan na Transvaal uitgemaak het, voorsien — 'n duidelike bewys dat die Eikestad op die gebied van ons nasionale spel ook die bakermat is.

'n Kenmerk van die toer, afgesien van die puik rugby wat gelewer is, was die uitstekende gees van kameraadskap. Elke speler het besef dat hy hom alleen op die beste wyse van sy taak moet kwyt. Om dié rede kon die jong en onervare W.P.-span die Transvalers wys dat die standaard van rugby alhier nie gedaal het nie.

### MATIES PRESTEER.

Ons verteenwoordigers het uitstekend vertoon. Lombaard veral, het in die wedstryd op Ellis Park, waar die lug dunner is as 'n Dagbreker se maag op 'n wintersaand, getoon dat geen span onveilig hoef te voel, waar hy die laaste vesting verdedig nie. Hannes de Villiers („Blondie"), die jongste in die span en gunsteling van die toeskouers, het weer ondervind dat 13 sy ongeluksnommer is, want tien minute na die aanvang van die wedstryd is hy beseer en moes die veld verlaat. Laat het toe gaan vleuel speel en bewys dat hy ook op 'n voetbalveld haastig is en sy man kan vasvat. Sy soetste herinnerings van die toer is — snaaks genoeg — juis hieraan verbonde en wel omdat hy toe geleentheid gekry het om Otto van Niekerk, Transvaal se gevaarlike vleuel, af te stoot, nadat laasgenoemde hom kort tevore met 'n armvol varslug laat staan en peins het.

Peet het sy hande vol gehad met Tony Harris, maar bewys dat Matie en Springbok naastenby sinoniem is. Veel word nog van hom verwag. Van Niekerk Joubert kon nie aan hierdie wedstryd deelneem nie, daar hy al die Oud-Maties om die veld moes onthaal. Teen Noord-Transvaal het hy vleuel gespeel teenoor Billy Anderson, 'n Oud-Matie, en hom goed dopgehou, ofskoon albei maar min van die bal te sien gekry het.

Hannes, Peet en Laat kon weens beserings nie aan die wedstryd deelneem nie, hoewel Laat beweer het dat die wêreld hom veronreg toe hy hoor die wedstryd word verfilm en hy — die mooiste man in die span — is nie beskikbaar nie.

Volgende week—Petaljes op Toer.

## Jaarlikse Tentoonstelling van Fotografiese-Klub

Gister het die jaarlikse tentoonstelling van die Fotografiese Klub in die Carnegiesaal 'n aanvang geneem. Soos gewoonlik het die plaaslike Klub weer gekompeteer met die Fotografiese Vereniging van U.K. Vanjaar het ons egter neerlaag gely deurdat U.K. uit die ses klasse 4 eerste pryse verower het teenoor twee van Stellenbosch.

Wat plaaslike deelnemers betref is mnr. Nico v. d. Merwe die kampioen terwyl mnr. Coligny Murray die tweede en mnr. A. S. Roux die derde pryse verower het.

Oor die algemeen was die kompetisie onder lede baie goed en die werk is van 'n hoë gehalte.

Die tentoonstelling bly oop tot e.k. Dinsdag. Maandagmiddag om 4 uur sal daar geleentheid wees vir belangstellendes om die insendings gesamentlik te bespreek.

## Oproep aan Komponiste

Die lente is weer hier, en daar is musiek in die lug. Elkeen sing, speel, fluit, improviseer of komponeer. Die studentelewe in al sy vorms vind uiting in musiekklanke. Laat die enigste universiteitsorkes, die *Komaan-Studente-Blaasorkes*, dit vir julle speel. Al wat julle moet doen, is om die melodietjies in solfa- of balkskrif te skryf en te besorg aan Σ. C. Pienaar, jr., wat dit sal orkestreer en in samewerking met die orkes uitvoer.

Komaan Matielesers(esse), help mee om die eerste promenaadkonsert 'n tipiese studentekonsert te maak. Die drie beste bydraes voor 20 Okt. sal spesiale beloning verwerf.

## *C.S.V.-Kamp op Bainskloof*

Die C.S.V. nooi weer alle studente (mans en dames) van die Universiteite en Opleidingskolleges van die Westelike Provinsie, wat voel dat hulle rus en ontspanning nodig het, weg van hul werkomgewing, voordat hulle hul volle gewig ingooi vir die laaste skof van die jaar, uit na hul kamp op Bainskloof gedurende die e.k. vakansie.

Aan rus en ontspanning sal dit nie ontbreek nie, want daartoe bied die stilte en prag van die berge die beste geleentheid; maar ook sal voorsiening gemaak word vir dié wat wil studeer, terwyl saans geleentheid gebied sal word vir geestelike werkwikkeling deur gesamentlike Bybelstudie.

Die kamp word gehou vanaf die 26ste September tot die 11de Oktober onder leiding van mej. J. McLachlan, sekretaresse van die C.S.V. vir Universiteite en Kolleges, en vir die doel is 'n ruim huis verkry.

Die koste is besonder billik, nl. £1-12-6 vir die hele vakansie, en dit sluit in die buskoste van Wellington na Bainskloof; of vir dié wat nie vir die hele vakansie kan kom nie, 2/- per dag. Verder is al wat nodig is, gewone kampuitrusting.

Name van persone wat wil gaan, moet voor Maandag, die 22ste gestuur word aan mej. J. McLachlan, Bus 25, Stellenbosch, saam met 2/6 inskrywingsfooi.


VOORGESKREWE BOEKE 1942

*Belangrike Aankondiging ! !*

Aan Studente na hul derde jaar aan die Universiteit.

*Ons is bereid om U Voorgeskrewe boeke vir volgende jaar teen Spesiale pryse te lewer indien U dit VOOR die EINDE VAN HIERDIE SEMESTER Bestel.*

*Vra om Besonderhede*

**C.S.V-Boekhandel, Pleinstraat, Stellenbosch.**

DIE STUDENTE-BOEKHANDEL

**Hendrikz BROERS**

Die Slagters wat Stellenbosch van VLEIS voorsien. ONDERSTEUN HULLE.

Onthou—

ANDRINGASTRAAT.

ROUX BROERS (Eiens. Bpk.)

ATLAS-GEBOU, KAAPSTAD.

Volledige Mans- en Damesuitrustors en Kleremakers.

**HALDENWANG!**

Bak heerlike koek, tert, brood, bolletjies, pasteie en alles wat smaaklik is.

*Besoek ons winkel in* PLEINSTRAAT.

AFRIKANERS

SLUIT AAN BY JULLE EIE

MOTORKLUB

ONGEËWENAARDE VOORTREFLIKHEID, VOORREGTE EN VOORDELE SONDER GELYKE VIR DIE GERINGE BEDRAGGIE VAN £1 JAARGELD.

VOLLE BESONDERHEDE EN AANSOEKVORMS OP AANVRAAG.

*Adres:*

GROOTE KERK GEBOU, Adderleystraat, KAAPSTAD.

Foon 2-8866. Posbus 2043.

*Studente!*

Wees ekonomies en gaan versigtig te werk.

Laat

**J. B. COETZEE**

u volgende pak klere maak.

AGENT VIR NANNUCCI DROOG SKOONMAKERS.

*Andringastraat.*

# Rook Springbok Sigarette.

# Op Ons Sportvelde.

### *Stellenboschse Krieketspan toer Oostelike Provinsie*

Op 25 September vertrek die krieketspan op 'n uitgebreide toer deur die Oostelike Provinsie. Wedstryde is gereël teen Grey, St. Aidens, St. Andrews, Kingswood, Rhodes en Oudtshoorn.

Die Matie eerstespan is vanjaar besonder sterk en onder Reinald Hofmeyer se bekwame leiding behoort hy goeie seggenskap van homself te gee. Kolwers soos Hofmeyer, Jan Louw, McDermid, Roux en Klaas du Bois is in staat om die beste boulwerk te moker en dit word verwag dat de Jager en Vat Morkel sommer baie paaltjies gaan plattrek.

Die klub is baie gelukkig om oor die dienste te beskik van mnr. Hans Söhnge as „spelende-bestuurder." Hy kan self die kolf uitstekend hanteer. Hein Loubser is sy plek werd alleen omrede sy klavierspeel. — Hy slaan darem 'n geweldige hou ook as hy die keer raak moker. Daar sal gewis baie gejol word, want het Klaas dan nie self gesê nie, „Ek neem persoonlik twee aandpakke saam.


Stadler en Ko.,
(Eiens.) Bpk.

DORPSTRAAT.

Die Winkel vir Diens en Kwaliteit — met 'n glimlag.

Kruideniersware—Ysterware
Breekgoed en Skryfbehoefte.

Pyrex en Geslypte Glas.

Agente vir
OLIVER PLOEË.


### *Die Jaarlikse Stellenbosch Tennistoernooi*

Die jaarlikse toernooi vind plaas op 18 Oktober en daar word weer op 24 bane gespeel.

Inskrywings kan gedoen word by die koshuise, Darters, of die sekretaris, mnr. Marais (Bibliotheek) tot 14 Oktober en die lyste met name en baan nommers sal die 17de opgesit word by die bibliotheek, Darters en die C.S.V.. Die inskrywingsfooi bedra, Studente 2/6; Publiek 3/6.

Môre-verversings word vry verskaf tot 11.30 v.m. terwyl die middagmaal by Dagbreek onder die bome van twaalf tot een bedien word teen 1/6.

#### REEDS 'N INSTELLING.

Die eerste toernooi is gehou op 6 November 1920 met 374 inskrywings en met uitsondering van een jaar is dit sedertdien nog elke jaar afgespeel. Die grootste getal inskrywings was 494 in 1922. Die wenners daardie jaar was mev. P. Roos en mnr. J. de la Rey du Toit, 'n oud-Wilgenhoffer. Hy het in 1939 weer deelgeneem. Mej. M. le Roux, 'n vorige lektrice in geskiedenis, was in tien jaar se tyd, driemaal lid van die wennende paar, nl. in '25, '27 en '30.

Professor Edgar, wat nog aan ons Universiteit verbonde is, was vir ongeveer twaalf jaar voorsitter van die toernooi, die sukses waarvan afhang van die studente se ondersteuning. Veral die samewerking van die mans word dringend versoek. Die bestuur doen baie moeite om u van 'n besondere aangename dag te verseker.

Daar word 16 pryse uitgeloof, o.a. vier eersteklas rakette. Iedereen het 'n goeie kans om een te wen.

### *Voetbal*

Om gevoelens te spaar swyg ons oor die eerstespan wedstryd. Net die vraag: „Tuine wat het Stellenbosch makeer?"

Die vierdespan roem daarop dat hulle Tokai die eerste neerlaag van die seisoen toegedien het, nl. 3 — 0. Die O.19A en B het ook rede om plesierig te voel.

## NOGEENS INTERVARSITY

### Boks

Woensdagaand moes U.S. die knie 5 — 2 buig voor U.K. in 'n bokswedstryd in die plaaslike Stadsaal. Twee vertoongevegde is ook gereël. Die uitslag van die een tussen Van Zyl (U.K.) en Rabie (U.S.) was so gelykop dat die skeidregters se beslissing was, „Albei het gewen."

Heunis het 'n mooi vertoning gelewer en gewen met 'n Tegniese uitklophou. Hy, saam met Arrie van Wyk, wie se koes-skaniere so uitstekend is, dat hy af en toe sy opponent taamlik onsag op die ken moes tik om hom te laat besef dat hy, Arrie, nog in die kryt is, was verantwoordelik vir ons oorwinnings. Piet „ou vriend, oppas vir daai broer van jou, hy is 'n gevaarlike kalant om mee skoor te soek.

Tinie van Tonder het met twee pragtige agtervoorbolmakisie-slane uit die kryt voor die dag gekom en miskien om dié rede, sy geveg verloor. Jy weet plankvloer is maar bra hard, Treppie.

Te oordeel na sy vertoning, moet Jan de Kock beskou word as die Stellenboschse Max Baer — goed, maar geneë tot gekskeer.

Dis jammer dat sommige van die minder ervare boksers nog te veel met die oop hand slaan en gevaar loop om gediskwalifiseer te word.

### Stoei

Ons matmanne was Saterdagaand taamlik ongelukkig om die onoffisiële stoei-intervarsity teen U.K., 5 — 3 te verloor. Minstens een neerlaag kan aan oorgerustheid toegeskrywe word. De Beer (U.S.) was weer verantwoordelik vir die soort vuurwerk wat amateurstoei interessant maak en het sy teenstander binne twee rondtes skoon van die mat af gestoei. A. du Toit het ook baie aggressief gestoei en was ongelukkig om weens sy aanvallende optrede 'n val teen hom te kry. A. van der Merwe was weer verantwoordelik vir 'n mooi vertoning en wel teen Barnard, wat die finaal bereik het in die W.P.-kampioenskappe. J. Boonzaaier het 'n oordeelkundige vertoning gelewer en op punte gewen. Die geveg tussen Greeff, die nuwe W.P.-ligswaar-kampioen en le Riche, (U.K. se kaptein) wat sy teenstander in die finale kampioenskapgeveg was, het gelykop geëindig sonder dat 'n enkele punt aangeteken is.

Donderdagaand (25 Sept.) stoei ons manne teen die S.D.B. op Pollsmoor.

### Nuwe Rekord

Mnr. Piet van Niekerk (Piet oggendprogram) maak aanspraak op die tydrekord vir telefoongesprekke. Na verneem word was hy Sondagaand vir 'n uur en 'n kwart in telefoniese verbinding met Huis-de-Villiers.

## Matie Sportfigure.

### Evelyn Young, M.Sc.

Mej. Young het op Hottentots-Holland skoolgegaan en daar baie deelgeneem aan sport, soos Netbal, Hokkie en Tennis. Eers in Matriek het sy regtig begin belangstel in hardloop en daardie jaar ook die beste vertoon in hulle skoolsport.

Drie jaar lank het sy diens gedoen in die Maties se eerste hokkiespan op die vleuel — tweekeer as vice-kaptein — en in 1937 half-kleure verwerf.

Op die atletiekbaan het sy ook heelwat presteer. In 1940 het mej. Young die eerste plek verower in die 100 en 220 treë en in laasgenoemde nommer Eve Tribelhorn se rekord geëwenaar terwyl sy by dieselfde geleentheid 'n nuwe hekkiesrekord daargestel het met 12.1 sekondes. Dis te verstane dat in dié jaar halfkleur vir atletiek ook aan haar toegeken is.

In die 1941-seisoen was Evelyn minder suksesvol, maar het nogtans goed gevaar deur 2de te kom in die 220 treë en eerste in die 100 treë en hekkies. Ongelukkig het haar gesondheid ingegee en word sy nie meer toegelaat om te hardloop nie.

Ons is baie hoogmoedig daarop dat sy, as Matie, in 1938 die W.P.-kampioene was in die hekkiesnommer.

### *Manshokkiespan Verloor teen Ikeys*

Die 1A- en 1 B-spanne het op Rondebosch gaan kuier en oop spel van hoë gehalte gelewer. Aan die begin het dit gelyk of 1-A die Ikey verdediging gaan moegspeel, maar Ikeys het met strooptog na strooptog geantwoord. Hulle moes sonder Cheetham klaarkom en het toe alle hoop gevestig op hulle staatmaker regtervleuel, Spike Smith. Ikeys het 'n beweging vanaf 'n vryslaan begin, wat na heelwat wedervarings by Japie Krige verbygeglip het vir die enigste doel van die wedstryd. Hierop het die Maties, met Hey, Garlick en Roelofse aan die spits, kwaai maar tevergeefs aangeval. Die Maties het te veel die bal na Garlick, wat altyd gevaarlik was op die regtervleuel, uitgegee terwyl Ikeys dit weer meer rondgeslinger het en na rustyd op die wyse meer van die spel gehad het.

#### 1B SPEEL GELYOP

Vroeg in die 1B se wedstryd het Jan Louw vir ons 'n doel geslaan. Die spel het van sirkel tot sirkel gewoed tot Ikeys kort voor rustyd dit gelykop-gemaak het. 'n Tydelike verslapping het na rustyd ingetree maar weldra is daar weer hard gespeel. Wium en Jack Visser het uitgeblink op die verdediging. Die Maties kon nie met sukses gebruik maak van 'n strafskerm teen die Ikey doelwagter kort voor die einde nie en die wedstryd het een elk geëindig.


ONDERSTEUN
DIE ALOMBEKENDE FIRMA
R. MÜLLER
Eerste vir:
KLAVIERE, DRAADLOOSTOESTELLE EN ALLE ANDER SOORTE MUSIEK-INSTRUMENTE.
Grootste voorraad MUSIEKBOEKE EN MUSIKALE BENODIGDHEDE.
Kwaliteit skep Tevredenheid — Tevredenheid — Reputasie.
Spesiale afdeling vir beste WAPENS EN PATRONE.
R. MÜLLER (Eiens.) Bpk.
PLEINSTRAAT, STELLENBOSCH.



BOU NIE U HUIS OP SAND NIE. . . . .
Wanneer u u toekomsplanne beraam sal u noukeurig te werk gaan.
Lewensversekering is ongetwyfeld die veiligste en gerieflikste middel om voorsiening te maak vir geldelike sekuriteit vir uself en u familie op u ou-dag, of vir u afhanklikes wanneer u te sterwe kom.
Kapitaal oortref £35,000,000.
verseker by
„Die Ou Mutual"
I. J. KRYNAUW,
Agent, . . . . Pleinstraat.



DIE
PÊRELSE
STOOMWASSERY
Kom laat die Firma wat die beste dienste lewer u ook bedien.
Eienaar: Mnr. W. Marsh.